# Jy is welkom by ons



# Votum

Ds.: Kom, Skepper-Gees, en waai deur ons gebroke wêreld.

G: Kom, Skepper-Gees, en bring nuwe lewe vir ons wêreld.

Ds.: Kom, Skepper-Gees, en waai deur ons gebroke lewe.

G: Kom, Skepper-Gees, en bring vir ons nuwe lewe.

# Lied 444

Kom kyk!  Kom kyk!

Kyk, alles word nuut!

Die Gees werk in my;

die Gees werk ook in jou.

# L 444 (vervolg)

**Kom kyk! Kom kyk!**

**Kyk, alles word nuut!**

**Sy woorde is waar -**

**jy kan op Hom vertrou.**



# Seëngroet

Ds.: Genade en vrede van een Skepper-God

G: van alle sienlike en onsienlike dinge.

Ds.: Genade en vrede van een Here, Jesus
Christus, Lig uit Lig,

G.: wat sit aan die regterhand van die Vader.

Ds.: Genade en vrede van die Heilige Gees,

G: wat by en in ons is en die Lewendmaker is.

Ds.: Amen.

# Groet mekaar



# VONKK 174:1

Strome van seën uit die hemel
gee God aan ons deur sy Gees.
Hy skenk die wedergeboorte,
maak van ons lewe ’n fees!


# *Refrein:*

**Strome van seën,**
**gee dit in oorvloed, o Heer,**
**dat ons kan groei en kan vrugdra,**
**daagliks kan leef tot u eer.**


VONKK 174:3
Strome van seën uit die hemel
kom van die Heilige Gees.
Hy kom vernuwe ons denke
om meer gehoorsaam te wees.

## *Refrein:*

**Strome van seën,**
**gee dit in oorvloed, o Heer,**
**dat ons kan groei en kan vrugdra,**
**daagliks kan leef tot u eer.**



## VONKK 174:4

**Strome van seën uit die hemel –**
**dis wat die Gees ons beloof.**
**Hy leer ons bid met verwagting,**
**om te volhard in geloof.**

## *Refrein:*

**Strome van seën,
gee dit in oorvloed, o Heer,
dat ons kan groei en kan vrugdra,
daagliks kan leef tot u eer.**



# Pinkster 2025



## In die kragveld van die Heilige

# PINKSTER 2025

# TEMA: IN DIE KRAGVELD VAN DIE HG



**Do. 29 Mei** – *Jesus gaan – die Gees kom*. Hand. 1:6-11


**So. 1 Junie** – *Gees van krag en waarheid*. Hand. 2:1-13

**Ma. 2 Junie** – *Die Gees lei ons in 'n verdeelde land*. Ef. 4:1-6

**Di. 3 Junie** – *Die Gees lei ons in geloof & hoop*. Rom. 8:14-17

**Wo. 4 Junie** – *Die Gees en die toekoms van die kerk*. Mat. 28:18-20

**So. 8 Junie** – *Lewe in die krag van die Heilige Gees*. Hand. 2:41-47



Jesus gaan, maar gee
die stokkie oor aan die kerk
en belowe dat sy Gees sal kom!


Lees ons die tekens voor hemelvaart reg?
Drie bevele



# Hand. 2
# vers 1-17

1: 4 ... “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly **wag op die gawe wat die Vader belowe het**, soos julle van My gehoor het. 5. Johannes het wel met water gedoop, maar **julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word**.” 6.Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?” 7. Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. 8. Maar **julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld**.”

1. Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. 2. Skielik was daar ’n geluid uit die hemel soos van ’n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. 3. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. 4. **Almal is met die Heilige Gees vervul** en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.

5. Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. 6. Toe die mense die geluid hoor, het ’n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het (hoe dit moontlik is) nie.

7. Verras en verbaas sê hulle toe: “Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. 8. Hoe hoor <u>elkeen</u> van ons dan sy eie moedertaal? 9. Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, 10. Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, 11. Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.”

12. Hulle was <u>almal</u> verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: “Wat kan dit tog beteken?”

13. Maar party het gespot en gesê: “Hulle is dronk.”

14. Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: “Jode en julle **almal** wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê: 15. Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. 16. Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het:

17. Só sal dit in die laaste dae wees, sê God:

Ek sal my Gees uitstort

op **alle** mense:

julle seuns en julle dogters

sal as profete optree;







Onsekerheid & verwardheid

Geskenk –
wat & waarvoor?





Ons weet - geskenk is die Heilige Gees

Kerkwees – óns het ook Gees ontv.



Die Heilige Gees verskyn nie nou eers



Hier – toerusting vir kerk vir Jesus se werk

Aanvanklik onseker,

maar later het hulle onmiddelik die werking en invloed van die Gees beleef




Ons word ast'ware in
die Gees gedoop (1: 5)
'n Geskenk wat uit
die hemel vloei
Teks vol vloeistofterme







# Ons leef in God se asem/sfeer




Ons leef in God
se asem/sfeer


Ons word ast'ware in
die Gees gedoop (1: 5)
Goddelike krag (8) vloei
in apostels in – Gen 2
God self woon in ons
'n  Geskenk wat uit
die hemel vloei
Teks vol vloeistofterme

Ons word ast'ware **in** die Gees gedoop (1: 5)

Goddelike krag (8) vloei **<u>in</u>** apostels in – Gen 2
*God self woon in ons*

Die Gees kom **oor** ons en oorskadu ons (1:8)
– oorweldig of verwek/ skep nuwe lewe in ons

'n Geskenk wat uit die hemel vloei

Teks vol vloeistofterme





In sfeer van Gees
gebeur iets met ons






# Ingetrek in die koninkryk van God






# Ingetrek in die koninkryk van God






Wanneer gebeur
dit met my?



# Wat is die invloed van die Heilige Gees in my lewe?

# Waarvoor is die HG as geskenk gegee?

Gaan dit oor energie en opwinding?

Storie van een Pinkstersondag

"Pa, dit was nou regtig kerk"



# Gaan dit oor krag, outoriteit en charisma vs “boring” dienste?

As Kerk stem dik maak, kom almal in beweging



Krag – nie wêreldse mag - kan dood oorwin, maar is ook swak & weerloos – *dink aan Jesus en ook Stefanus*



# Wat is dan die betekenis van die Pinkster-geskenk?

Die Pinkster-geskenk is die gawe om iets te sê, moed & vrymoedigheid







Praat oor die groot/
magtige dade
van God

*"You know, I've had two babies of my own die on my lap. But God never abandoned me. I tell them that. I tell them that they aren't alone, that God is with them, and that they don't have to be afraid."*

# Getuig jy in die gebrokenheid in en te midde van die tragiese stories van hierdie wêreld

Storie van Kubler Ross





# Wanneer die Heilige Gees oor my kom…

…word my lewe oorskadu en gevul

…word ek ingetrek in die Koninkryk van God

…getuig ek in die gebrokenheid van die wêreld



# Aktiwiteit:

# Steek die kerse aan as simbool van die vuur van die Gees


Uitdaging:
Leef dapper



**Verbintenis:**

*"... Ons is Jesus se (julle sal my) getuies (wees) in The Reeds (Jerusalem) sowel as in die hele Gauteng (Judea) en in Suid-Afrika (Samaria) en tot in die uithoeke van die wêreld."*


VONKK 146:1
My gees my siel, my liggaam
wy ek aan U, o Heer.
Ek lê myself as offer
gewillig voor U neer.

VONKK 146

# *Refrein:*

**My hart is op die altaar,**
**en wagtend op u vuur;**
**wagtend, wagtend, wagtend,**
**ja, wagtend op u vuur.**



VONKK 146:2

My diepste wens is, Here,
– gehoorsaam aan u Gees –
dat ek met al my gawes
vir U mag diensbaar wees.

# *Refrein:*

**My hart is op die altaar,**
**en wagtend op u vuur;**
**wagtend, wagtend, wagtend,**
**ja, wagtend op u vuur.**

VONKK 146:3

**U liefde vir die wêreld
het U na ons gebring.
Mag ek na ander uitreik
deur liefde wat my dring.**

VONKK 146

# *Refrein:*

**My hart is op die altaar,**
**en wagtend op u vuur;**
**wagtend, wagtend, wagtend,**
**ja, wagtend op u vuur.**

# Gebed

O Heilige Gees van God,
kom na ons en beweeg tussen ons:
kom as wind en reinig ons;
kom as vuur en suiwer ons;
kom as dou en verfris ons:
oortuig en bekeer ons.
Ons wy ons hart en lewe aan U
vir ons eie welsyn en tot u verheerliking.
Ons vra dit in Jesus se Naam.






Wanneer die Heilige Gees oor my kom...
...word my lewe oorskadu en gevul
...word ek ingetrek in die Koninkryk van God
...getuig in die gebrokenheid van die wêreld in

Mag die Heilige Gees julle lei in krag en waarheid. Mag julle met moed lewe, onverskrokke wees in geloof en die wêreld verander deur die vuur van God wat in julle brand.




VONKK 146:4
U stuur my na die wêreld
om dáár vir U te werk,
my gees en siel en liggaam
te wy ook aan u kerk.

# *Refrein:*

**My hart is op die altaar,**
**en wagtend op u vuur;**
**wagtend, wagtend, wagtend,**
**ja, wagtend op u vuur.**



# Wanneer die Heilige Gees oor my kom…

…word my lewe oorskadu en gevul

…word ek ingetrek in die Koninkryk van God

…getuig ek in die gebrokenheid van die wêreld